

Dinsdag 9 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 58 (AFR83)

Fokusgedeelte: Psalm 58:11, 12

God laat ons deel in die oorwinning van onregverdige en korrupte leiers

In hierdie Psalm kom 'n saak aan die orde wat vir ons as gelowiges, in die tyd waarin ons leef, van groot belang is. Dawid beskryf in hierdie Psalm die probleem van 'n korrupte regstelsel. Die leiers, dié wat reg moet spreek, word in vers 2 gekonfronteer met die vraag of hulle uitsprake regverdig is en of die beslissing in sake tussen mense billik is. Nee, is die skokkende antwoord, want hierdie leiers wat reg moet spreek, se optrede getuig van korrupsie en geweld. In hulle regspraak is hulle onregverdig. Hulle tree so op omdat hulle van geboorte af sondige mense is. Hulle loop die verkeerde pad en hulle leef soos bedrieërs.

Dawid gebruik die volgende beelde as hy bid dat hierdie leiers vir hulle onregverdige optrede gestraf word:

- Mag God hulle mag verbreek soos leeu se tande uit hulle monde geruk word (vs 7).
- Mag God hulle invloed laat verdwyn soos water wat wegsyfer en soos droë gras wat fyngetrap word (vs 8).
- Mag God hulle nalatenskap vernietig sodat hulle nalatenskap sal wees soos slym wat wegraak as die slak verby is (vs 9).
- Mag God hulle lewe beëindig en hulle uitroei soos onkruid en hulle in die fleur van hulle lewe verskroei en weg waai soos in 'n gloeiende wind (vs 10).

God laat reg geskied as die leiers wat reg moet spreek, korrup en onregverdig optree. God het dit in die lewe van sy Seun Jesus Christus so duidelik aan ons geopenbaar. Jesus Christus is deur die korrupte leiers vals beskuldig en vervolgd en ter dood veroordeel. Christus het uit die dood opgestaan en regeer en ken elke korrupte en onregverdige leier. Hy kom weer om finaal te kom oordeel. Die gelowige, dié wat deur Christus geregverdig is, sal bly wees, want daar kom 'n dag van oordeel en vergelding. God laat ons dan deel in die oorwinning oor onregverdige en korrupte leiers. Dié wat in die geloof volhard, sal deel in die beloning om vir ewig te leef onder God se reg en geregtigheid.

Sing: Psalm 68-1:1

Ds. AF Berg (Fenmo) (Pongola)